Saam boer ons vooruit
Together cultivating success
www.laeveld.co.za



# Le Roux Breytenbach


**Area: Rawsonville**

**T: 082 823 8385 / E: leroux@laeveld.co.za**


**Gewasse:** Tafeldruiwe, wyndruiwe, steenvrugte, kernvrugte en kontantgewasse

**Aanbieding:**
Oesbeskerming, plantvoeding, presisiedienste

Le Roux Breytenbach het in Montagu in die Boland grootgeword en gematrikuleer. Na skool het hy sy militêre diensplig in Kimberley gedoen, waarna hy as 'n Offisier by 32 Bataljon betrokke was. Tydens sy diensplig het hy in rugby uitgeblink en vir Griekwas op losskakel en binnesenter gespeel.

Le Roux het Wingerdbou en Veekunde by Elsenburg Landboukollege gaan studeer en sy Nasionale Diploma verwerf. Hy het ook addisionele vakke soos Proteaverbouing, Varkproduksie, Hoenderproduksie, Suiwel en Wynbereiding voltooi. In 1985 het Le Roux begin as 'n Plaasbestuurder in die Mopane-gebied, noord van die Soutpansberge, waar hy die eerste tafeldruiwe in hierdie Bosveld-gebied gevestig het. Gedurende dié tyd was hy ook die Reaksiemag-Bevelvoerder van die deeltydse magte in die Soutpansberg militêre gebied.

Le Roux was oor die jare in sy werk as Plaasbestuurder hoofsaaklik by tafeldruiwe betrokke. Later het hulle na Paarl verhuis, en het hy vir meer as twaalf jaar as 'n Senior Produksiebestuurder by Halfmanshof in Porterville gewerk. In dié tyd was hy bevoorreg om vir Eric Venter, die LAC Besigheidsbestuurder van die Wes-Kaap, te ontmoet. Hy het toe by Terason aangesluit as 'n Gewasadviseur in die omgewing van Goudini, Rawsonville en die Breederivier, 'n pos wat hy vir 16 jaar beklee het.

Tussendeur het hy sy BASOS- en CropLife-kwalifikasies verwerf, asook akkreditasie as 'n Sygnia-Opleidingsinstrukteur vir Spuitoperateurs ontvang.

Le Roux is getroud met Annelise van die Marquard-gebied, waar haar familie nog boer. Hulle het drie kinders en spog ook met drie kleinkinders. Wanneer Le Roux 'n blaaskans het, geniet hy kuiers saam met vriende, sport-kyk, jag, visvang en lugvaart. Hy het selfs 'n privaat vlieglisensie. Verder spandeer hy sy vrye tyd in die werkswinkel met nutswerkies.

**Le Roux werk vanuit die Rawsonville depot, en die area waar hy gaan werk sluit Rawsonville, Goudini, De Doorns en Breederivier in.**

*Volgens Le Roux is een van die belangrikste eienskappe in bemarking om goed te luister na wat die kliënt se behoefte is. "Daarna moet die regte aanbeveling en konsultasievoorstel op die tafel gesit word. Gereelde geskeduleerde besoeke is ook nodig om die vertrouensverhouding te laat groei en waarde toe te voeg tot winsgewendheid en produksievolhoubaarheid," sê hy.*

Verder is dit vir hom belangrik om na al die gereedskap in 'n mens se "toolbox" te kyk om 'n holistiese benadering aan te bied. Sodoende kan die kliënt die volle spektrum ontvang wat Laeveld Agrochem in sy gewasspektrum en dienste bied, asook die tegnologiese insette van Agri Technovation. Dit sluit ook in om betrokke te raak by langtermynbesluite ten opsigte van gewasse in die verskillende gebiede – met data wat 'n baie belangrike rol in besluite speel.

***Le Roux het uitgebreide kennis en ondervinding, en hy glo dat 'n omvattende diens en aanbieding baie belangrik is.***

**Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.**
Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding, die beste advies te gee.